
# **Boeke van die Bybel:** Ou Testament

- **Genesis** – Albei hande bokant jou kop in 'n boog (Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak;
- **Eksodus** – Wys met wysvinger (God se Volk verlaat Egipte)
- **Levitikus** – Handpalms saam soos in gebed (Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.)
- **Numeri** – Hou drie vingers op (Die volk is getel)
- **Deuteronomium** – Wysvinger wat wys na kant van kop – jou tempel – (Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep en hoe God vir Israel sorg.)
- **Josua** – Maak asof jy 'n pyl met 'n boog skiet. (Josua lei die Israeliete die beloofde land binne en hulle neem die land in.)
- **Rigters** – Linkerhand se palm wys na die dak, regterhand in in vuis kap neer op die linkerhand se palm soos 'n regter se hamer. (Israel word deur rigters regeer in die tyd voor die konings.)
- **Rut** – Hou hande bymekaar asof dit vasgeboei is en breek dit dan los asof kettings gebreek word. (Die boek Rut is 'n liefdesverhaal van toewyding en verlossing.)
- **1 Samuel** – Hou een vinger op en maak dan hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (Saul: geen hart. 1 Samuel bevat die verhaal van mense wat hulle reis saam met God goed begin, maar wat tragies eindig as gevolg van sonde – Eli + Saul.)
- **2 Samuel** – Hou twee vingers op en maak dan weer 'n hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (***Hele hart = Dawid.*** 2 Samuel beskryf die lewensverhaal van Dawid en sy koningskap oor Juda en die hele Israel. Die goeie en die slegte.)
- **1 Konings** – Hou een vinger op en maak dan kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **2 Konings** – Hou twee vingers op en maad dan 'n kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **1 Kronieke** – Hou een vinger op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. ('n versameling van die historiese gebeure van Israel onder Dawid se koningskap.)
- **2 Kronieke** – Hou twee vingers op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. (Geskiedenis van die konings van Juda.)




**Genesis**

Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak.




**Eksodus**

God se volk verlaat Egipte




**Levitikus**

Maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilige kan lewe.




**Numeri**

Die volk is getel.




**Deuteronomium**

Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep, en hoe God vir Israel sorg.



**Josua**

Josua lei die Israeliete die beloofde land binne, en hulle neem die land in.



## Rigters

Israel word deur Rigters regeer in die tyd voor die Konings



## Rut

Die boek Rut is 'n liefdesverhaal van toewyding en verlossing



## 1 Samuel

Saul: geen hart

Die verhaal van mense wat hulle reis saam met God goed begin, maar wat tragies eindig as gevolg van sonde.



## 2 Samuel

Dawid: hele hart

Die lewensverhaal van Dawid en sy koningskap oor Juda en die hele Israel. Die goeie en die slegte



## 1 Konings

Die Geskiedenis van die konings van Israel en Juda



## 2 Konings

Die Geskiedenis van die konings van Israel en Juda



## 1 Kronieke

'n Versameling van die historiese gebeure van Israel onder Dawid se koningskap



## 2 Kronieke

Geskiedenis van die konings van Juda